Persverklaring

Medianavrae:

Roger Houghton : Mediabestuurder
Tel: 011 476 7400
Faks: 086 505 8957
e-pos: houghtonr@mwebbiz.co.za
Web: www.automechanikasa.co.za

Automechanika - vooraanstaande handelskou
vir die motorbedryf
Johannesburg Expo Centre, 18 - 21 Maart 2009

TALLE BYEENKOMSTE TYDENS AUTOMECHANIKA SA VIR EXPO-SENTRUM BEPLAN

Verskeie instellings beplan om munt te slaan uit die Automechanika SA handelskou, wat van 18 tot 21 Maart by die Expo-sentrum in Johannesburg aangebied word, om hul eie konferensies, werkswinkels en aanbiedings te hou.

Een van die belangrikste hiervan is die RMI-konferensie op die openingsdag, 18 Maart. Dié organisasie het 'n skitterende lys sprekers gereël om "Oorlewing in hierdie ekonomiese tye: die bedryf se perspektief" te bespreek. Onder hulle is die Nedbank-ekonoom Nicky Weimar, die beplanner Clem Sunter, die uitvoerende hoof van McCarthy Motor Holdings, Brand Pretorius, die uitvoerende hoof van NAACAM, Stewart Jennings, sowel as sputiverf en paneelklopdeskundiger, Ian Groat, Petro Kruger van RMI-padveiligheid en die RMI-president, mev. Ferose Oaten.

Daarbenewens sal die RMI-geaffilieerde Bande en -monteringsvereniging op 19 Maart die gasspreker Frans Cronjé van die SA stigting van rasseverhoudinge huisves.

- Nog inligting oor die RMI-byeenkoms is beskikbaar by Claire Paterson, die nasionale kommunikasiedirekteur van die RMI, by telefoonnommer 011-886-6300, selfoon: 082-443-9226 of e-pos: claire.patterson@rmi.org.za

Die motorbedryf-ontwikkelingsentrum (AIDC) sal 'n nasionale vaardigheidsindaba en -tentoonstelling vir die duur van die skou aanbied. Dit het die volle steun van die RMI, 'n organisasie wat 'n kernvennoot van die AIDC in die kleinhandel- en naverkopekant van die bedryf is. Dié Indaba volg op 'n voorstel by die AIDC se jaarlikse konferensie in Junie verlede jaar dat die organisasie só byeenkoms moet aanbied.

Die AIDC se sake-ontwikkelingsbestuurder, Fayaz Sacoor, sê die organisasie het die afgelope sewe jaar baie op die gebied van vaardigheidsontwikkeling bereik, maar het nog baie om te doen ten einde staats- en bedryfsteikens binne die volgende dekade te haal.

Hy het bygevoeg dat die nasionale vaardigheidsindaba die geleentheid sal bied om oor vorige prestasies te besin en strategieë en samewerkingsgeleenthede te identifiseer om te verseker dat vaardigheidsontwikkeling binne die voertuigsektor versnel word.

- Nog inligting oor die AIDC se nasionale vaardigheidsindaba is beskikbaar by Fayaz Sacoor by telefoonnommer 012-564-5250 of e-pos fsacoor@aidc.co.za

Nog ‘n belangrike byeenkoms tydens Automechanika SA sal die aanbieding van KPMG se 2009-wêreldpeiling oor bestuurshoofde in die voertuigbedryf wees. Dié aanbieding word by ‘n ontbytgeselligheid by die Expo-sentrum (07:15 vir 08:00) op 20 Maart gehou.

Dié wêreldwye KPMG-peiling word jaarliks van 1999 af gedoen, en KPMG Suid-Afrika het dit van 2002 af aangebied. Aanstaande jaar se peilingsuitslae sal ongetwyfeld die belangrikste nog wees aangesien die wêreld se voertuigbedryf vanjaar die grootste uitdaging om oorlewing in die geskiedenis die hoof moet bied.

KPMG het die omvang van sy gesaghebbende meningspeiling vanjaar aansienlik uitgebrei en 12 bykomende lande tot die oorspronklike lys gevoeg. Bestuurshoofde van die volgende lande is ook ondervra: Australië, China, Indië, Japan, Korea, Thailand, die Tseggiese Republiek, Frankryk, Duitsland, Italië, Pole, Rusland, Slowakye, Suid-Afrika, Spanje, Swede, Switserland, die Verenigde Koninkryk, Brasilië, Kanada, Mexiko en die Verenigde State van Amerika.

Belangrike kwessies in die 2009-peiling se bevinding sal die volgende behels: produkgehalte, die wêreld-ekonomie, kosteverlaging, nuwe tegnologie en nuwe produkte.

- Nog inligting oor die KPMG-aanbieding is beskikbaar by Gavin Maile, KPMG se voertuigbedryfleier, by telefoonnommer 011 647 7165 of e-pos gavin.maile@kpmg.co.za

Nog inligting is beskikbaar by:
Roger Houghton 011 476 7400 houghtonr@mwebbiz.co.za

Persverklaarings en fotos is elektronies beskikbaar by:
www.quickpic.co.za en www.automechanikasa.co.za